

Willie Jonker

1 Maart 1929
28 Augustus 2006

GEDENKDIENS

Willem Daniël Jonker

Donderdag 31 Augustus 2006 om 15:00
NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen

Voorafspel	- Mensch, bewein dein Sünde gross [JS Bach] - Kyrie, Gott Heiliger Geist [JS Bach]
Votum & Seën	
Meditasie	Selig sind die Toten, J Brahms – Ein Deutsches Requiem [Joh 11:25,26; Job 19:25,27; Rom 8:38,39; Rom 14:7-8; Joh 14:2; 1 Kor 13:12; 1 Kor 2:9]
Sang	Lied 203:1-3
Huldeblyke	- Prof Russel Botman [President SARK & Vise-Rektor US] - Prof Bernard Combrink [Kollega]
Sang	Lied 602:1, 4, 5
Skriflesing	Romeine 6: 2-5, 8, 11
Boodskap	
Sang	Lied 290:1-4
Duet	Lied 583:2 Theunis Botha & Janene Santana
Bedankings	Willi Jonker
Gebed	
Geloofsbelydenis	
Orrelspel	Erbarme dich mein, o Herre Gott [JS Bach] [Grepe uit Ps 51 – sien woorde agter-op]
Stilte	
Seën	
Naspel	Wachet auf, ruft uns die Stimme [JS Bach]

TEE & VERVERSINGS

Prediker: Prof Dirkie Smit; Liturg: Dr Leon Fouché
Orrelis Voorafspel: Dr Martina Viljoen; Begeleiding & Naspel: Prof Nicol Viljoen

Lied 203

1 Loof die Here, al wat lewe,
wil Hom dank en hulde bring -
Hy het al ons skuld vergewe;
ons 'n nuwe lied laat sing.
Loof Hom, prys Hom!
Loof en prys Hom!
Loof die Vader, God en Heer!

2 Loof Hom wat in groot genade
ons deur eeue heen behou;
loof Hom vir sy reddingsdade -
vas kan ons op Hom vertrou.
Loof Hom, prys Hom!
Loof en prys Hom!
Hy's genadig en getrou.

3 Soos 'n vader sorg vir kinders,
sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy vergewe hul oortredings
en berei 'n vreugdefees.
Loof Hom, prys Hom!
Loof en prys Hom!
Laat ons Hom gehoorsaam wees!

Lied 290

1 Dit is my troos dat ek gedoop is,
dat ek gedoop is in u Naam,
want deur die doop is ek verseker
dat U in guns U nooit nie skaam
as Vader, Seun en Heil'ge Gees
om ook mý God genoem te wees.

2 Dit is my troos dat U as Vader
Uself in trou aan my verbind
en dat U in u milde liefde
my neem as erfgenaam en kind;
dat U die kwaad van my wil weer
of anders tot my beswil keer.

3 Dit is my troos dat U, Heer Jesus,
as Seun my deur u bloed wil was,
dat U my inlyf in u sterwe
en vrymaak van my sondelas;
dat U my met U op laat staan
en op 'n nuwe weg laat gaan.

4 Dit is my troos dat U vir ewig,
o Heil'ge Gees, in my wil woon.
U wil my heilig en steeds voller
die beeld van Christus laat vertoon.
So maak U tot my eiendom
als wat ek reeds besit in Hom.

Lied 602

1 Ek sien 'n nuwe hemel kom,
'n aarde nuut en vry.
Die see en al wat skei, verdwyn.
God self kom by ons bly.

4 "Kyk, Ek maak alles nuut," sê God.
"Laat hom wat dors het, kom.
En hy sal vind, hy is my kind;
Ek is 'n Gód vir hom!"

5 Oorwinnaars, sal ons alles erf
en drink uit die fontein
van lewenswater, heerlik, rein.
En God sal oor ons skyn.

Lied 583:2

Ag, Heer, laat eng'lehande my
wanneer ek sterwe, juigend bly
gelei tot in u woning!
Die liggaam keer tot stof en puin,
tot met die klank van die basuin,
en U weer kom as Koning!
Dan staan ek op, deur U gewek,
dan word u heerlikheid ontdek
waar U, in majesteit getroon,
vir ewig onder eng'le woon!
Ek roep U aan, o Jesus, Heer!
U sal ek eer.
Sien in genade op my neer!

Erbarme dich mein, o Herre Gott

J S Bach

Woorde – Gedeeltes uit Ps 51

Wees my genadig, o God,
in u troue liefde,
wis my oortredings uit
in u groot barmhartigheid!
Was my skoon van my skuld
reinig my van my sonde!
Ja, my oortredings ken ek
en van my sonde bly ek altyd bewus.

Skep vir my 'n rein hart, o God,
vernuwe my gees
en maak my standvastig
Moet my tog nie van U af wegdryf
en u Heilige Gees
van my af wegneem nie!
Laat my weer die blydskap ervaar
van iemand wat deur U verlos is,
laat my U weer met toewyding dien.

Red my van ondergang,
o God, my Redder,
dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.
Here, gee my die woorde
om u lof te verkondig.

'n Offer vra u nie,
anders sou ek dit bring;
'n brandoffer wil U nie hê nie.
Die offer wat U wil hê, o God,
is verootmoediging:
U sal 'n hart vol ootmoed en berou
nie gering ag nie, o God.